Die Lewende Testament

Posted on **August 25, 2015**

Die meeste mense verstaan die belang daarvan om ‘n geldige testament te hê, waarvolgens ‘n eksekuteur aangestel en begunstigdes benoem word ten einde uitvoering te gee aan die verdeling van die testateur se eiendom by sy of haar afsterwe.

Maar hoeveel mense ag dit nodig om ‘n lewende testament op te stel?

‘n Lewende testament het nie ten doel om te beskik oor bates, legate of begunstigdes nie, maar het betrekking op die filosofie rakende die dood en afsterwe, en moet versigtig oorweeg word en deur ‘n kundige opgestel word.

‘n Lewende testament is ‘n regsgeldige dokument waarin ‘n persoon se wense te kenne gegee word met betrekking tot mediese behandeling wat lewe kan verleng wanneer die persoon nie langer in staat is om sy of haar wense uit te spreek nie. Dit kan ook bestempel word as ‘n vervroegde mediese opdrag.

‘n Tipiese klousule in ‘n lewende testament sou soos volg lees:

As die tyd aanbreek dat ek nie in staat is om besluite oor my toekoms te neem nie dien die volgende verklaring as my opdrag.
Indien ek aan ‘n siektetoestand of fisiese aantasting ly wat groot nood vir my veroorsaak en my onkapabel maak om ‘n rasionele bestaan te voer en daar geen redelike vooruitsig op herstel is nie, weerhou ek my toestemming om op kunsmatige wyse aan die lewe gehou te word en om enige vorm van buisvoeding te ontvang as ek sterwend is. Ek versoek verder dat ek alle nodige medikasie binne-aars ontvang om my gemaklik en vry van pyn te hou, al sou dit die oomblik van dood verhaas. Ek weerhou uitdruklik toestemming tot enige vorm van resussitasie indien my hart en asemhaling staak en my prognose hopeloos is.
Die lewende testament stel dus die dokter en familie in kennis dat die pasiënt nie toestem tot enige behandeling wat hom of haar kunsmatig aan die lewe hou nie. Dit praat namens die pasiënt wanneer hy of sy nie in staat is om self te kommunikeer nie.

Die Suid-Afrikaanse reg en die meeste gelowe erken die geldigheid van die lewende testament maar al die vernaamste gelowe is gekant teen genadedood. Genadedood is onwettig en die opspraakwekkende geval van die gerespekteerde UWK-professor, Sean Davison, was onlangs in die nuus toe hy in Nieu-Seeland gearresteer is op ‘n klag van poging tot moord nadat hy sy

ongeneeslik siek 85-jarige moeder, Patricia Ferguson, bygestaan het met selfdood deur ‘n dodelike dosis morfien vir haar voor te berei.

Die belang van ‘n geldige lewende testament word onderstreep deur hierdie geval wat toon dat daar traumatiese en verreikende gevolge kan wees vir die geliefdes wat agterbly.

Baie prokureurs wat boedelbeplanning doen, sluit dan ook ‘n lewende testament en ‘n mediesesorgvolmag in by hul pakket van boedelbeplanningsdokumente.

Die voordele van ‘n lewende testament

1. Die opdragte beskerm die pasiënt se menseregte en in besonder die reg om mediese behandeling te weier.
2. Dit moedig gesprekvoering aan met betrekking tot besluite oor afsterwe.
3. Dit het ook tot gevolg dat mediese personeel en versorgers bewus is van die pasiënt se wense, wat die toepassing van geskikte behandeling verseker.
4. Dit voorkom ‘n situasie waar die pasiënt se vriende en familie die moeilike besluite moet neem.

Die nadele van ‘n lewende testament

1. Dit is ‘n onaangename, neerdrukkende taak om so ‘n dokument op te stel.
2. Die persoon wat die dokument wil opstel mag nog gesond wees en hom of haar kwalik kan indink in omstandighede waaronder hy of sy willens en wetens die dood sal bespoedig.
3. Teen die tyd dat uitvoering aan die testament gegee moet word kon die opsteller dalk van plan verander het en is dit moeilik om die dokument te wysig.

Hou die volgende in gedagte

1. Die lewende testament moet nie vervat wees in of aangeheg word aan die laaste testament nie aangesien laasgenoemde slegs tot uitvoering kom by die afsterwe van die testateur.
2. ‘n Lewende testament tree eers in werking wanneer die pasiënt onbevoeg raak; tot in daardie stadium is die pasiënt in staat om self oor toepaslike behandeling te besluit.
3. ‘n Sertifikaat van die pasiënt se dokter en ‘n ander onafhanklike dokter waarin gesertifiseer word dat die pasiënt óf aan ‘n terminale siekte ly óf permanent bewusteloos is, word vereis voordat ‘n lewende testament in werking tree. In die geval van ‘n hartaanval tree die lewende testament nie in werking nie. ‘n Lewende testament kan slegs in werking tree as uiteindelike herstel hopeloos is.

4. Jou dokter en familie moet in kennis gestel word van die dokument en dit is ook wenslik om afskrifte daarvan beskikbaar te hê vir die dokter, die hospitaal en familie.

Hierdie artikel is 'n algemene inligtingstuk en moet nie gebruik of staatgemaak word op as professionele advies nie. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige foute of weglatings of vir enige verlies of skade wat voortspruit uit vertroue op enige inligting hierin nie. Kontak atyd jou finansiële adviseur vir spesifieke en gedetailleerde advies.

This entry was posted in **Contracts** and tagged **eiendom**, **geldige**, **testament** by **DKVG**. Bookmark the**permalink**.